AKADEMIA

AD FUTURUM PER FONTES

# NAGRAADSE ONDERWYSSERTIFIKAAT (Senior Fase- en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys)

Ook bekend as NGOS

| NKR-VLAK 7 | 128 KREDIETE | SAKO-NOMMER: 115512 | ONDERRIGLEERMODEL: Nauurse onderrigmodel |
|---|---|---|---|

## WAT BEHELS HIERDIE KWALIFIKASIE?

Die Nagraadse Onderwyssertifikaat (NGOS) vir Senior Fase en Verdere Onderwys en Opleiding is toegespits op die opleiding van onderwysers vir graad 8 tot 12. Met hierdie kwalifikasie kan studente ŉ vak, soos byvoorbeeld Wiskunde, in beide die Senior Fase sowel as Verdere Onderwys en Opleiding onderrig.

## WATTER MODULES MOET EK VOLTOOI?

### VERPLIGTE MODULES

| | | | |
|---|---|---|---|
| *Kurrikulum, Onderrig en Assessering* | *Leer- en Leerontwikkeling in Opvoedkunde-konteks* | *Leer in Praktyk* | *Onderrig en Leer in Opvoedkunde-konteks* |
| *Werksgeïntegreerde Leer* | *Afrikataal as Gesprekstaal** | *Afrikaans as Taal van Onderrig en Leer** | *Basiese Rekenaarvaardighede** |

* Registrasie vir hierdie module is verpligtend, maar studente kan vrystelling kry of vrygestel word as hulle ŉ assessering suksesvol voltooi het.

### KEUSE MODULES

*Studente kies een module vanuit Verdere Onderwys en Opleiding en een module vanuit die Senior Fase.*

## HOE LANK NEEM DIT OM HIERDIE KWALIFIKASIE TE VOLTOOI?

Studies kan in ŉ minimum tydsduur van een jaar voltooi word. Die maksimum toelaatbare tyd is drie jaar.

PROGRAMKOSTE VIR 2022: **Vanaf R44 320**

## OM IN AANMERKING TE KOM VIR TOELATING TOT DIE NAGRAADSE ONDERWYSSERTIFIKAAT (SENIOR- EN VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING)-KWALIFIKASIE WORD DIE VOLGENDE BENODIG:

- *Toepaslike B-graad of ŉ verwante 360-krediet Diploma op NKR-vlak 7*
- *Diploma/graad moet voldoende leer in ŉ dissipline (bv. Wiskunde) in toepaslike akademiese velde insluit: 32 krediete op NKR-vlak 7 vir die hoofvak relevant aan die gekose VOO-skoolvak; 32 krediete op NKR-vlak 6 vir die vak wat relevant is aan die Senior Fase.*

| VAKONDERWYSKOMBINASIE | DIPLOMA/GRAADVAKKE BENODIG VIR TOELATING |
|---|---|
| *Aardrykskunde-onderwys (VOO) + Sosiale Wetenskappe-onderwys (SF)* | Geografie 3<br>Geskiedenis 1 |
| *Geskiedenis-onderwys (VOO) + Sosiale Wetenskappe-onderwys (SF)* | Geskiedenis 3<br>Geografie 1 |
| *Afrikaans Huistaal-onderwys (VOO) + Afrikaans Huistaal-onderwys (SF)* | Afrikaans 3 |
| *Engels Huistaal-onderwys (VOO) + Engels Huistaal-onderwys (SF)* | Engels 3 |
| *Engels Eerste Addisionele Taal-onderwys (VOO) Engels Eerste Addisionele Taal-onderwys (SF)* | Engels 3 |
| *Besigheidstudies-onderwys (VOO) + Ekonomiese en Bestuurswetenskappe-onderwys (SF)* | Ondernemingsbestuur 3<br>Rekeningkunde 1 |
| *Ekonomie-onderwys (VOO) + Ekonomiese en Bestuurswetenskappe-onderwys (SF)* | Ekonomie 3<br>Rekeningkunde 1 |
| *Rekeningkunde-onderwys + Ekonomiese en Bestuurswetenskappe-onderwys (SF)* | Rekeningkunde 3<br>Ekonomie 1 OF Ondernemingsbestuur 1 |
| *Fisiese Wetenskappe-onderwys (VOO) + Natuurwetenskappe-onderwys (SF)* | Wiskunde 1 PLUS (Fisika 3 en Chemie 2) OF (Chemie 3 en Fisika 2)<br>Biologie (Plantkunde 1 OF Dierkunde 1) |
| *Lewenswetenskappe-onderwys (VOO) + Natuurwetenskappe-onderwys (SF)* | Plantkunde 3 EN Dierkunde 1 OF Dierkunde 3 en Plantkunde 1<br>Fisika 1 OF Chemie 1 |
| *Wiskunde-onderwys (VOO) + Wiskunde-onderwys (SF)* | Wiskunde 3 |
| *Lewensoriëntering-onderwys (VOO) + Afrikaans-onderwys (SF) of Engels-onderwys (SF) of Wiskunde-onderwys (SF)* | Sielkunde 3 + (Menslike Bewegingskunde 1 OF Sosiologie 1 OF Filosofie 1 OF Politieke Wetenskap 1) + (Afrikaans 1 OF Engels 1 OF Wiskunde 1)<br>OF<br>Menslike Bewegingskunde 3 + Sielkunde 1 + (Afrikaans 1 OF Engels 1 OF Wiskunde 1) |

**AANSOEKE VIR STUDIE IN 2022 OPEN 1 MEI 2021.**

*Klik hier vir meer inligting*

*www.akademia.ac.za* | *086 122 2888*

Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997 Registrasienommer: 2011/HE08/005.